**KANKER:**

Ons bid steeds vir Jansen van Niekerk en Gideon Erasmus wat besig is met chemoterapie.

Ook Issie Swart, Elmo de Beer en Tina Fullard bly steeds in ons gebede.

**GESONDHEID:**

Marie Vos het konstante, erge pyn. Sy kan egter nie geopereer word nie, as gevolg van ernstige osteoporose, wat veroorsaak dat sy semi bedlêend is.

**OPERASIES:**

Elize Visser het Vrydag, 12 September 2025, geval en haar linkerskouer so ernstig beseer dat sy Saterdag, 13 September 2025, ‘n skouervervangingsoperasie moes ondergaan. Sy is intussen ontslaan en by haar huis, maar het baie pyn.

Corene Myburgh bly steeds in ons gebede, na haar groot operasie op 25 Julie 2025. Dis ‘n LANG pad na herstel.

**STERFTES:**

Manie Visser is Sondag, 12 Oktober 2025, die aand om 19.30, na ‘n lang siekbed, oorlede. Ons innigste meegevoel aan sy vrou, Elize en sy dogter. Mag hulle die Here se troos en nabyheid in dié hartseertyd baie intens ervaar.

Johan Visser (snr) is, na ‘n beroerte op 05 Augustus 2025, op Vrydag, 04 Oktober 2025, oorlede.
Ons harte gaan uit na sy vrou, Ansu, sy kinders, Johan en Marietjie Visser en sy klein- en agterkleinkinders. Mag hulle die Here se troos en nabyheid in dié hartseertyd baie intens ervaar.

**SWANGERSKAPPE:**

Heinrich en Erisha Rautenbach is swanger met hulle tweede baba, ‘n seuntjie. Die verwagte datum is einde Januarie 2026.

Ons bid julle ‘n baie gesonde, geseënde en voorspoedige swangerskap toe.